# 7 September 2023 - Lesing 120 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Stryd met die swaard van die mond – 19/11/59

**NO: 7459** Ek het julle My hulp belowe wanneer julle sal moet **stry met die swaard van die mond**, want Ek het gesê: "Maak julle geen sorge oor wat julle sal spreek nie, **Ek** sal julle die woorde in die mond plaas", dit wil sê, **My Gees in julle sal deur julle spreek** wanneer die tyd aangebreek het. En dit sal kom, want julle sal julle moet verantwoord, sodra julle julleself vir My inspan, sodra julle sal stry vir My en My ryk, **sodra julle My Naam in die openbaar sal bely.**

Dan sal mense **rekenskap** van julle vra en **verantwoording** van julle verlang en julle sal dit sonder aarseling kan gee en sonder terughouding, want My Gees sal julle aanspoor en julle met krag vervul om My en **My Naam openlik te bely** teenoor iedereen.

Dit sal vir julle nie moeilik wees om te spreek nie, want **Ek sal vir julle die woorde in die mond plaas** en dit sal sukses hê, dit sal 'n uitwerking hê **soos van 'n swaard** wat in 'n eerlike stryd gebruik word en hierdie geveg van julle sal ook seëvierend wees, want mense sal nie in staat wees om iets teen julle in te bring nie, omdat julle hulle sal verslaan met die woorde wat **Ek** julle laat uitspreek deur julle gees.

En dit sal noodsaaklik wees in die komende geloofstryd, waarin die teenstander sal probeer om elke geloof aan My **in** JaHshua Messias uit te roei, waarin hy sal trag om alles as onsinnig of legendaries voor te stel, om die swak geloof van diegene te ontneem wat deur sy spraak baie maklik die onderspit sou delf **as hulle nie vir julle as bemoediging sou hê nie,** wanneer hulle julle nie hoor praat en hulself verbaas oor die spraak self en die uitwerking daarvan.

En dit sal hulle swak geloof versterk, wanneer hulle sal insien dat julle die teenstanders met julle woorde verslaan en hulle **nie in staat is om iets teen julle in te bring nie.**

Maar die Gees in julle moet kan werk, Wie julle spraak met krag laat inslaan, Wie julle duidelik sal versterk en julle dan as oorwinnaars uit die woordestryd sal laat kom. En slegs 'n gedagte aan My is al voldoende dat Ek julle graag sou wil ondersteun, sodat julle gees aktief sal word en julle help, terwyl julle alleen te swak sou wees, want die verstand bemeester nie hierdie teenstanders nie.

My werksaamheid deur die Gees moet toegelaat word, sodat die teenstander oorwin kan word en hierdie Gees vanuit My in julle sal julle waarlik versoek om te spreek, sodat julle julleself sal uitgee as ywerige verdedigers van My Naam en deur die teenstander nie oortuig sal kan word dat hy die reg aan sy kant het nie.

En dit sal gebeur terwille van die **baie swak gelowiges wat sterk steunpilare nodig het,** waaraan hulle hulself kan vasklamp om self sterker te word en weerstand te bied wanneer dit swaar met hulle gaan.

Daarom, vrees nie die komende geloofstryd nie, vertrou veeleer op My ondersteuning, wanneer julle **ter verantwoording geroep sal word vir julle aktiwiteite, vir julle arbeid in My wingerd**.

En Ek sal julle waarlik bystaan en julle "**die woorde in die mond plaas"** soos Ek dit aan julle beloof het. Want daar moet nog sware arbeid verrig word en Ek het julle almal daarvoor nodig dat julle My sal wil dien. Ek het julle nodig, maar

Ek gee julle ook die benodigde krag en My bystand daarvoor, sodat julle nooit sonder My beskerming en hulp aan My teenstander oorgelewer is nie, inteendeel, **julle sal kan oorwin in elke redetwis wat nog terwille van My Ryk gevoer sal word**. Amein.

Sagaria 10:3

***Teen die herders*** *het My Toorn ontvlam, en oor die* ***voorbokke*** *sal Ek besoeking bring; want JaHWeH van die skeppings-leërmag gee ag op* ***Sy kudde****, op die huis van JeHûWdah, en* ***maak hulle tot Sy pragtige Perd in die stryd.*** *[Openbaring 6:2-8]*

Openbaring 19

*11 Toe het ek die Hemele geopend gesien; en daar was* ***'n wit perd****, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in Geregtigheid.*

*12 En Sy Oë was soos 'n Vuurvlam, en op Sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.*

*13 En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en Sy Naam is:* ***Die Woord van die Elohim****.*

*14 En die* ***leërs in die Hemele het Hom gevolg*** *op wit perde, bekleed met wit en skoongewaste fyn linne.*

*15* ***En uit Sy Mond gaan daar 'n skerp Swaard*** *om die nasies met haar te slaan; en Hy sal hulle met 'n Septer van Yster regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die Grimmigheid en van die toorn van El, Almagtig.* *[Psalm 37:15; Boekrol van Henog 62:2; JeshaJaH 13:6; 31:8; 49:2; 66:16; Openbaring 1:16]*

*16 En Hy dra op Sy kleed en op Sy heup die Naam wat geskrywe is:* ***Die Koning van die konings en die Meester van die meesters****. [Deuteronómium 10:17]*

*21 En die oorblyfsel is* ***gedood met die Swaard wat uit die Mond gaan*** *van Hom wat op die perd sit; en al die vlieënde wesens is versadig van hulle vlees.*